

Week 2: Leuns

Inleiding:

- Speel die speletjie “Two truths and a lie.”
- Elkeen kry, kans om drie feite oor hom/ haarself te vertel. Twee van die feite moet die waarheid wees en een moet ’n leuen wees. Die groep moet dan probeer raai watter een van die feite die leuen was.

Teks:

Matteus 5:33-37 (Die Bybel vir Almal)

33“Julle weet ook die wette sê: ‘Jy moenie iets belowe wat jy nie wil doen nie,’ en ‘as jy vir die Here iets belowe het, dan moet jy dit doen.’ 34Maar Ek sê vir julle: Jy moet nooit iets belowe en sê die Here is die getuie nie. Julle moenie iets belowe en sê die hemel is die getuie nie, want die hemel is die troon van God. 35Julle moenie iets belowe en sê die aarde is die getuie nie, want die aarde is die plek waar God se voete rus. Julle moenie iets belowe en sê Jerusalem is die getuie nie, want Jerusalem is die stad van God, die Groot Koning. 36Jy moenie iets belowe en sê jy is self die getuie nie, want jy kan nie self een haar op jou kop wit of swart maak nie, jy kan nie die kleur verander nie.

37“Sê ‘ja’ wanneer julle ‘ja’ wil sê, en sê ‘nee’ wanneer julle ‘nee’ wil sê. Dit is die duiwel wat vir julle meer as dit laat sê.”

Joernaal: (Skryf elke week jou gedagtes rondom die teksgedeelte en vrae in ’n boekie of papiere wat jy bêre sodat jy kan teruggaan om dit weer te lees, dit kan ook handig wees om dit te hê wanneer die groep op Whatsapp die gedeelte bespreek).

- Is daar iets wat vir jou vreemd is of wat vir jou uitstaan?
- *In die Ou Testament se tyd het hulle mense probeer help om leuens uit te kanselleer deur ’n eed of belofte met God of die tempel of Jerusalem of die aarde as getuie te maak. Dis iets wat nie kon beweeg nie en wat altyd daar sou wees. Maar nou het mense halwe waarhede begin vertel as die volle waarheid en dan met ’n eed by*

Jerusalem belowe dat dit waar is. Was, was dit slegte maniere om daardie persoon aan te vat as 'n leuenaar.

- Wat dink julle wou Jesus hê moes die mense daar teen die berg oor eerlikheid hoor?
- Hoe laat dit jou voel wanneer mense:
 1. iets vertel en oral in die storie herhaal hulle “ek belowe vir jou” of “jy moet my glo” of “jy kan maar vir so en so gaan vra.”
 2. Die waarheid praat, maar belangrike feite van die waarheid uitlaat (wat jy gewoonlik eers later uitvind.)
 3. Stilbly wanneer ander jok en jy weet hulle ken die waarheid?
 4. Wat is die verskil tussen 'n leuen en 'n verskoning?
- 'n Wetenskaplike het uitgevind dat mense gemiddeld 3,3 keer in 10 minute jok (van volledige leuens, wit leuentjies, halwe waarhede, verskonings.) Hoekom gebruik julle soms jok stories of verskonings?
- Die teksgedeelte gee vir ons twee leidrade oor hoe om leuens/ verskonings uit te ken, maar ook hoe om die waarheid uit te ken. Kyk gou weer daardeur om te sien wanneer jyself besig is om te jok of die waarheid te praat.
- Wat is die gevolge daarvan wanneer ons gereeld jok? Wat gaan die gevolge wees wanneer ons bekend is vir die waarheid praat, selfs al laat dit ons in die moeilikheid beland?
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Prakties:

Skryf die 9de Gebod op 'n stuk karton/papier en plak dit erens die week in jou kamer/die huis op waar jy dit gereeld kan sien.

Terugvoer:

Neem 'n foto van waar dit in julle huis is. Deel teen Maandag, 11 Mei die foto wat jy geneem het op die Whatsappgroep. Ons kan daar verder gesels! Onthou dat jy enige tyd gedurende die week ietsie kan sê/vra oor die Bybelstudiesukkie. Hou 'n tydjie Maandag/Dinsdag oop dat ons so deur die loop van die twee dae kan terugvoer gee vir mekaar!